
GELOOF In Die Woord



FAITH In The Word

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 112, STANGER, 4450/ POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 2419

E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com/ Web: stangerchristiancentre.com

As mentioned in our previous Newsletter ,we are so excited to announce the launch of our brand new website!

You are now able to read and download all our books and previous newsletters and listen to Dr James van Zyl ministering. We will be adding more dvd's and podcast sermons of Dr James van Zyl .
Please have a look at our website: **"www.stangerchristiancentre.com"**

Israel en die Kerk

Ef. 2:11-13: Daarom, onthou dat julle wat vroeër heidene in die vlees was en onbesnedenes genoem word deur die sogenaamde besnydenis wat in die vlees met hande verrig word, dat julle in die tyd sonder Christus was, vervreemd van die burgerskap van Israel en vreemdelinge ten aansien van die verbonde van die belofte, sonder hoop en sonder God in die wêreld. Maar nou in Christus Jesus het julle wat vroeër ver was, naby gekom deur die Bloed van Christus. Let weereens daarop dat Paulus se teologie nie Israel met die Kerk vervang nie, maar liewer dat die Kerk ingesluit word by Israel. Paulus se woorde is: het julle .... naby gekom aan die burgerskap van Israel. Kan ons dan hierdie "naby gekom" of "ingeënt" teologie van Paulus definieer? of, eenvoudig : wat is die huidige verhouding tussen die Kerk en Israel? Die antwoord op hierdie belangrike vraag lê daarin om DIE FAMILIE BEGINSEL te verstaan. Die Kerk en Israel, alhoewel verskillend, behoort tog aan dieselfde familie. Dis tog al afleiding wat gemaak kan word van die feit dat die Kerk "ingeënt" is. Hierdie verhouding tussen die Kerk en Israel kan beskryf word in die terme van 'n ouer en 'n kind. Albei is verskillend, maar geniet tog albei dieselfde voorregte en gebruik dieselfde naam. In ons vergelyking verteenwoordig die ouer - Israel - die bron en is daarom aan 'n land gebonde. Daarom was Israel gevestig in Kanaän of Palestina om voort te bring (to father) die openbaring en die volk van God. Vir haar is die land, wat hulle verewig verbind, essensieel. Hierdie ewige band met "die land" word elke jaar deur die Jode oral uitgedruk in die frase: "Volgende jaar in Jerusalem." As gevolg van Israel se verlede, is alle aandag gerig op Israel, veral Jerusalem. Dit is baie belangrik om te sien watter groot rol Jerusalem nog altyd gespeel het en nog steeds in God se plan vir die toekoms is : In 2 Kon 21:4 sê die Here "In Jerusalem sal Ek my Naam vestig." • Die Here het altyd hierdie stad beskerm teen die duisternis en teen die aanvalle van sy vyande en dit was dus nie vir hulle moontlik gewees, om die stad in te neem nie. "En Ek sal vir (Jerusalem) wees, spreek die Here, 'n vurige muur rondom en tot heerlikheid daar binne-in"

Hy sê van die Inwoners: "Wie julle aanraak, raak Sy oogappel aan" (Sag 2:5,8). • Jesus het in die volheid van Sy tyd die Koninkryk van God in Jerusalem verkondig. Jesus het in hierdie stad die weg van Verlossing verkondig en die mense geleer, daarna is Hy in Jerusalem verhoor en is tot die dood veroordeel. Hy wat die vlekkelose Lam van God is, het vir die hele wêreld se sonde hierdie losprys gekoop en dit sluit die Jode en nie-Jode in. Dit was God se manier om uit te reik na mense; om die verloregaandes weer tot Hom te herstel. Jesus was net buitekant die stad gekruisig en begrawe. Hy het op die derde dag uit die dood opgestaan en na 40 dae het Hy opgevaar na die Hemel, vanaf die Olyfberg wat voor Jerusalem lê.

Die Heilige Gees is tien dae later in Jerusalem uitgestort en so het die Kerk van Christus hier op aarde tot stand gekom. 'n Opdrag wat Jesus aan Sy dissipels nagelaat het was: "En kyk, Ek stuur die belofte van My Vader op julle. Maar julle moet in die stad Jerusalem bly totdat julle toegerus is met krag uit die hoogte" (Lukas 24:49). Hierdie boodskap van Jesus se redding is vanaf Jerusalem wêreldwyd uitgedra. Hy het aan die dissipels ook gesê : "Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal My getuies wees en in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde." (Hand 1:8).

Jesus het die verwoesting van Jerusalem aangekondig as gevolg van die volksleiers wat Hom verwerp het.: "Jerusalem, Jerusalem, jy wat die profete doodmaak en stenig dié wat na jou gestuur is, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak net soos 'n hen haar kuikens onder die vlerke bymekaarmaak, en julle wou nie! Kyk, julle huis word vir julle woes gelaat!" (Mat 23:37-38). In die Evangelie van Lukas word hierdie profesie baie duideliker en in meer besonderhede verduidelik: "En wanneer julle Jerusalem deur leërs omsingeld sien, dan moet julle weet dat sy verwoesting naby is …. Want dit sal dae van wraak wees, sodat alles wat geskrywe is, vervul kan word… want daar sal 'n groot nood in die land wees en toorn oor hierdie volk. En hulle sal deur die skerpte van die swaard val en as krygsgevangenes geneem word na al die nasies, en Jerusalem sal vertrap word deur die nasies totdat die tye van die nasies vervul is." (Luk 21:20-24). Ons moet in gedagte hou dat die vertrapping van Jerusalem nie onbepaald sou voortduur nie, maar slegs tot aan die einde van die tye van die nasies. Dit beteken dat sodra die wêreldevangelisasie tot die nie-Jode voltooi is en in die koninkryk van God ingenooi is, sal Jerusalem en sy inwoners eers daarna herstel word. In Junie 1967 was Jerusalem in die sesdaagse oorlog verower en is dit die vertrekpunt vir die laaste geslag. (Luk 21:32) • Jesus kom weer terug na Jerusalem, aan die einde van die kerkdispensasie, wanneer die wêreldevangelisasie voltooi is. "En in dié dag sal Sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê, aan die oostekant; en die Olyfberg sal middeldeur gesplyt word van oos na wes tot 'n baie groot dal… Dan sal die Here my God kom, al die heiliges met U!… En die Here sal Koning wees oor die hele aarde." (Sag 14:4,5,9). Jerusalem sal dan weer herstel en herbou word. "Daarna sal Ek terugkom en die vervalle hut van Dawid weer oprig en dit herstel, sodat die oorblyfsel van die mense die Here kan soek, en al die nasies oor wie My naam uitgeroep is, spreek die Here wat al hierdie dinge doen." (Hand 15:16,17). Dit sal op die nasionale bekering van Israel volg, wanneer die hele oorblyfsel van Israel met die Messias versoen sal word (Sag 13:9). Sag 12:10 Maar oor die huis van Dawid en oor die inwoners van Jerusalem sal Ek uitgiet die Gees van genade en smekinge; en hulle sal opsien na My vir wie hulle deurboor het, en hulle sal oor Hom rouklaag soos 'n mens rouklaag oor 'n enigste seun en bitterlik oor Hom ween soos 'n mens bitterlik ween oor 'n eersgebore kind. Hulle vreugde oor die Messias se verlossingswerk en Sy koningskap in Jerusalem, sal geen perke ken nie: "Jubel, en wees bly, o dogter van Sion! Want kyk, Ek kom om in jou midde te woon, spreek die Here. En baie nasies sal hulle in dié dag by die Here

aansluit… En die Here sal besit neem van Juda as sy erfdeel op die heilige grond en Jerusalem weer verkies" (Sag 2:10-12). Beide Jesaja en Jeremia bevestig dat Jerusalem tydens die vrederyk die hoofstad van die wêreld sal wees. "Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die Here uit Jerusalem. En Hy sal oordeel tussen die nasies en regspreek oor baie volke" (Jes 2:3 -4) "En in dié tyd sal hulle Jerusalem noem die troon van die Here; en al die nasies sal daarheen saamkom vanweë die Naam van die Here in Jerusalem; en hulle sal nie meer wandel na die verharding van hul bose hart nie." (Jer. 3:17) Die seun, aan die anderkant, die Kerk, verteenwoordig die vrug of die vervulling van die Goddelike Belofte. As sulks, is die seun nie langer gebonde nie. So, terwyl die ouer verewig in die huis bly, is dit die kind wat die huis verlaat. Die Kerk is gebore in Jerusalem, maar het gevolglik die wêreld vol versprei. Maar let op, sonder 'n ouer is daar nie 'n seun nie, daarom het die seun sy lewe aan die ouer te danke wat hom in die wêreld gebring het. Dit sal dus tot die Kerk se voordeel wees, as sy deurgaans onthou dat haar oorspronge geheel en al Joods is. Inderwaarheid is dit 'n feit dat, omdat 'n Jood gesterf het (Jesus/ Yeshua) het die Kerk die ewige lewe ontvang! Een geleerde het soos volg geskryf: "laat elke Christen homself daaraan herinner dat die sinagoge die moeder van die Kerk is en dat ons nie-Jode die Jode nodig het, sodat ons nie terugval in die weë van die heidene nie..." (Verkuyl) Die verskil dan, tussen die Kerk en Israel is nie hulle oorsprong nie, maar hulle funksie. Die Kerk, is om die nasies na die Waarheid te bring .... in die familie in te bring. Verskillende funksies, verskillende rolle, maar gelyk in waarde. Die Kerk is nie minderwaardig by Israel, die ouer nie. Sy is net eenvoudig verskillend tog afhanklik. Paulus sê: "Die wortel dra jou (Rom. 11:18). Wanneer Jesus die tweede keer kom sal daar 'n familie reunie wees, soos dit by die natuurlike ouers en seuns is. Ons, die Kerk sal ons Godvresende vaders ontmoet wat die boom en wortels van ons geloof is, en sy, Israel van wie die sluier van blindheid gelig sal wees, sal haar seuns erken. Hulle sal so baie wees soos die sterre aan die hemel en die sand op die seestrand. Hierdie seuns is 'n bewys van Israel se vrugbaarheid en 'n lewende getuie van God se getrouheid aan Israel. 'n Vinnige kykie na Openb. 21 en 22, openbaar dat ouer en seun eendag in die ewigheid weer dieselfde woonplek sal deel, nl die Nuwe Jerusalem. Openbaring 21:12 en 14: En dit het 'n groot en hoë muur met 12 poorte gehad, en by die poorte 12 engele, en name daarop geskrywe, nl die van die 12 stamme van die kinders van Israel .... En die muur van die stad het 12 fondamente gehad, en daarop was die name van die 12 apostels van die Lam. Ons lees in die Skrif van hierdie toekomstige harmonie in die familie, maar ongelukkig getuig die geskiedenis huidiglik van 'n onderonsie tussen vader en seun. Die ouer, Israel, het blind geword en nie sy vrug en die vreugde daaraan verbonde herken nie ... en die seun, die Kerk, het onder ontwikkeld gebly en nie die ryke wysheid en die kennis wat in die vader se huis is, herken nie. Maar tog breek die lig in ons dae deur, want die Heilige Gees is besig om ons geestes oë te open om hierdie dinge te sien. Die Kerk is besig om haar Joodse wortel te ontdek en Israel begin om die lewe en lewensvatbaarheid van die Kerk te erken. Dis eintlik presies wat Paulus sê in Rom. 11, waar hy die beeld gebruik van 'n boom en sy takke. Die boom met sy takke simboliseer Israel en die Kerk: hulle hoort bymekaar! Die boom met sy wortels verteenwoordig Israel en die takke verteenwoordig die Kerk. Takke sprei uit en word langer, maar die stam bly stewig in die aarde. Albei is anders, maar behoort tog aan dieselfde boom. Wortels het grond/aarde nodig - so, Israel het die land nodig en takke het ruimte nodig en kan die wêreld vul, maar die een het die ander nodig. Mag die Here ons help deur Sy Heilige Gees om ons onderlinge afhanklikheid te besef! Dis opmerklik dat die anti-God linkse media van ons wêreld alreeds hierdie onderlinge verhouding tussen Israel en die Kerk onderskei, want hulle val, wat hulle noem, die JudoChristelike-etiek aan. In Rusland, bv. ly Jode en Christene

saam vervolging. As ons let op die Moslem (Arabiere/Palestyne) se siening van wie hulle vyande is, word die Jood en Christen in dieselfde asem genoem. Die Koran, die Moslems se heilig boek, bevat die volgende woorde: "O you who believe, take not the Jews and the Christians for friends. They are friends of each other. And whoever amongst you takes them for friends he is indeed one of them. Surely Allah guides not the unjust people" (Part VI chapter 6, section 8, verse 51). Die Moslems, wie se hoofaanbiddingsdag Vrydag is, het die volgende slagspreuk waarmee hulle aanhangers opgeroep word tot die uitwissing van die Jode (Saterdag: Sabbat) en die Christene (Sondag) : "First we kill the Saturday people, then we kill the Sunday people." Die Moslem wêreld sien dus ook Israel en die Kerk as EEN! Ek glo God is besig om hierdie twee "groepe" saam te bring op so 'n wyse dat ons, die Kerk, ons arrogansie teenoor Israel sal laat vaar en na haar sal omsien, en dat Israel haar ongeloof sal prys gee en die Kerk in die familie sal verwelkom: die Israel van God. Paulus skryf in Romeine 11:25-26: Want ek wil nie hê, broeders, dat julle hierdie verborgenheid nie moet weet nie, sodat julle nie eiewys mag wees nie: dat die verharding ten dele oor Israel gekom het totdat die volheid van die heidene ingegaan het; en so die hele Israel (die Kerk en die nasie) gered word. Ten slotte, kom ons lees Gal 3:28: Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man en vrou nie, want julle is almal een in Christus Jesus. Hierdie soort Skrif word dikwels aangewend om die argument, dat die Kerk alles is en die Jode glad niks is nie, te ondersteun. Die feit is egter dat in hierdie Skrifdele onderrig Paulus nie sy toehoorders/ lesers oor die Kerk of Israel nie, maar liewer oor die aftakeling van vooroordeel en haat wat hierdie twee entiteite apart hou. Daar word wel hiermee weggedoen in Christus. Verder verklaar hierdie teks in Galasiërs dat in Christus daar ook nie mans en vrouens is nie. Moet ons dan verstaan dat ons 'n geslagsverandering ondergaan, wanneer ons Christus aanneem? Natuurlik nie! Manlik bly manlik en vroulik bly vroulik, net soos, Israel, Israel bly, en die Kerk, die Kerk bly. In Christus behoort alle veroordeling en haat tussen mense afgetakel te word. Swart mense bly swart, en wit mense bly witmense, maar in Christus behoort die vyandighede tussen hulle vinnig te verdwyn. Ja, Paulus bevestig in die eerste hoofstuk van Romeine dat alle rasse, kulturele, seksuele en intellektuele verskille moet gaan, in Jesus Christus! (Rom. 1:14-16) Die rede is eenvoudig: Ons behoort almal aan dieselfde familie: die familie van God, of om weer die korrekte familienaam te gebruik nl. Israel. Maar, om vlugtig terug te keer tot ons vader-seun beeld: 'n Vader word deur sy plig verbind om sy lewe af te lê vir sy kinders. Volgens die geskiedenis is dit presies wat gebeur het. Joodse profete, leraars, evangeliste, apostels en 'n Joodse Messias het hulle lewens opgeoffer om die Goeie Nuus en die Ewige Lewe aan ons te bring. Tog kom daar 'n tyd in elke gesin, wanneer die seuns hulle lewens moet aflê vir hulle vader, in die proses van sy versorging en beskerming wat hulle hom moet bied. Ek glo dat die Kerk, omdat hy die seun is, NOU geroep word om sy skuld aan Israel, die vader te betaal. Laat ons nie traag wees om dit te doen nie, laat ons opnuut Sion liefhê, help en troos. Troos, troos My volk, sê julle God. Spreek na die hart van Jerusalem, en roep haar toe dat haar stryd verby is, dat haar skuld betaal is, dat sy uit die Hand van die Here dubbel ontvang het vir al haar sondes (Jes 40:1-2). Christene het ook deel aan die beloftes van Abraham en die vervulling van God se beloftes aan hom dat "in jou alle nasies van die wêreld geseënd sal wees." Ons het nodig om 'n aktiewe rol te speel in God se eindtyd plan om Israel te herstel en haar mense voor te berei vir die koms van die Messias. Jesaja sê verder: "Want die Here vertroos Sion; Hy vertroos al sy puinhope en maak sy woestyn soos Eden en sy wildernis soos die tuin van die Here; vreugde en blydskap sal daarin gevind word, danksegging en die klank van liedere"(Jes.51:3). Ons sien dat dit juis vandag aan die gebeur is in Israel, en ons kan in dié profesie 'n deelname hê.

Skatkis

Beveel die rykes in die teenwoordige wêreld om nie hoogmoedig te wees nie en ook nie hulle hoop te stel op die onsekerheid van die rykdom nie, maar op die lewende God wat ons alles ryklik verleen om te geniet; dat hulle goed moet doen en ryk wees in goeie werke, vrygewig, mededeelsaam, en vir hulle 'n skat weglê, 'n goeie fondament vir die toekoms, sodat hulle die ewige lewe kan verwerf (1Tim. 6:17-19).

Toe ek hierdie verse lees het die verhaal van die ryk jong man by my opgekom. Jesus het die afgodery in sy hart uitgedaag, want hy het nie sy rykdom aan God oorgegee nie.

Jesus maak nie reëls hieroor nie wat duidelik in die verse hier bo na vore kom, maar plaas alles in perspektief deur te sê: "Waarin is jou sekuriteit? Is dit in jou materiele dinge, of is dit in die Een wat in ons behoeftes voorsien?

Die waarheid is dat daar altyd die sal wees wat behoeftig is en natuurlik die wat baie het.

Soms kan armoede ook 'n obsessie wees, dus is ons stand hier nie die probleem nie. Die vraag is: Wie hou die sleutels van ons harte? Is ons gedagtes koninkryk gerig, Jesus soekers? Of is ons lojaliteite verdeel?

Jesus is 'n "jaloerse" God, wat ons hele hart wil hê, al ons finansies behoort aan Hom, nie net 10% nie. Ons liggame, ons hoop, ons drome en ons wil is Sy eiendom as ons deur Sy bloed gekoop is.

Hoe meer ons oorgee en oorhandig, hoe vryer sal ons wees en hoe meer sal ons daardie beloofde, geseënde ewige lewe hê!

Nota oor Donasies

Geliefdes,

Ons is so dankbaar vir julle donasies aan ons bediening en wil julle graag persoonlik daarvoor bedank. Ons het nog julle posadresse, maar kan dit nie langer gebruik a.g.v die posstelsel. Omdat julle E-pos adresse nie altyd ooreenkom met julle name nie, is dit moeilik om julle van jul E-posse af te herken. Kan julle asseblief, as dit moontlik is, ons op julle E-pos laat weet wie julle is sodat ons julle kan bedank. Baie dankie.

Ons waardeer elkeen van julle

Liefde groete.

Meg Van Zyl en Gebedspan

UIT ONS KANTOOR

Geliefdes,

In **Jes. 31:1** lees ons: **"Wee hulle wat na Egipte aftrek om hulp en hulle verlaat op perde, en wat vertrou op strydwaens, omdat daar baie is, en op ruiters, omdat hulle baie talryk is, maar hulle sien nie op die Heilige van Israel en hulle soek nie die Here nie".**

Dit is interessant dat met vandag se ongelooflike tegnologie en verstommende mediese vooruitgang en prosedures, een virus, so 'n skynbaar klein dingetjie, die hele wêreld in 2020 tot stilstand gebring het. Dit herinner ons daaraan hoe min beheer ons oor ons wêreld het. As ons ons vertroue in ons finansies plaas, kan hulle oornag verdwyn. As ons ons vertroue in ons werk of bereop plaas, kan dit skielik, as gevolg van verskeie redes, skielik verander. Daarom is dit belangrik om jou vertroue in God te plaas. Hy is die Een wat nie verander nie. Hy is die Bron van ons krag, idees, talente, bronne en wysheid. God is die gewer van alle goeie dinge. Ja, ons waardeer die maatskappye vir wie ons werk en die inkomste elke week, maar hulle is nie ons bron nie. Hulle is eenvoudig net 'n hulpmiddel wat die Bron gebruik. God soek na mense wie se harte op Hom ingestel is. Maak seker dat jy Hom in die eerste plek hou. Jy hoef nie die seëninge te soek nie; soek net vir Hom en die seëninge sal jou soek.

Kom ons bid saam:
"Vader, dankie dat U aanhoudend werk, aanhoudend U goedheid aan my wys met elke goeie gawe wat in my lewe kom. Dankie dat U my bron is. Ek sal U in die eerste plek hou en sal vandag met 'n houding van dankbaarheid en erkentlikheid lewe. In Jesus se Naam, Amen."
Ons is so dankbaar vir elkeen van julle wat vir ons bediening bid en vir julle liefde en ondersteuning. Ons bid vir al die studente vir guns in hulle eksamens en dat die Here hulle wysheid sal gee.

God seën.

Meg Van Zyl en die Gebedspan

Liewe vriende,
Ons landlyn telefone is 'n werklike probleem. Wanneer ons kragonderbrekings het, lui ons landlyne glad nie. Wanneer hulle werk is die Telkom-kabels so beskadig dat ons niks kan hoor nie.

Ons het drie opsies vir jou om met ons te kommunikeer:
Jy kan 'n stempos op die landlyn los en ons sal vir jou bid.
Jy kan jou geskrewe boodskap **WhatsApp na: 0790672984**
Jy kan jou versoeke **e-pos na: stangerchristiancentre@gmail.com**

Ons sal die volgende dag tussen **07:00 en 08:00** vir elke versoek bid.Jy sal bevestiging kry dat ons jou boodskap ontvang het en ons bid.

Mag die Here jou ryklik seën.

Meg Van Zyl en Gebedspan



Feast of Tabernacles

In John 7:1-10 we read that Jesus went up to Jerusalem to the "Feast of Tabernacles".
The story of the Feast of Tabernacles or Sukkot (in Hebrew) can be found in Lev 23:33.
There are three appointed feasts of the Lord,- Passover, Pentecost and Tabernacles.
Passover is about redemption through the Lamb of God, Pentecost is about the gift of the Spirit of God, Tabernacles is about Thanksgiving! …for the wonderful things God has given us! The Feast of Tabernacles adds the "Ingathering" harvest into the celebrations.
The Feast of Tabernacles reminds the Israelites of their Exodus out of Egypt, when they lived in temporary shelters called Booths (Sukkot). The Israelites wandered in the desert for 40 years, they did not have the ability to provide for their own basic needs, they had to rely solely on God for everything! He provided manna for food (Ex.16:4-16), clouds for shelter (Ex 33:4-17; Num 9:15-23), water to drink (Ex 15:22-25; 17:5-7; Num.20:7-12), He even protected their clothing from deteriorating (Deut.29:4). Each year the Jewish people build Tabernacles in their homes or gardens, they decorate them with fruit, vegetables, wheat and cover the roof with palm leaves (they must be able to see the stars through the roof). They then eat a meal daily in this shelter for a week each year so as to remember their humble beginnings, everything they have now came from God their Provider and Protector. **Deut 8:17 "And you shall**

remember the LORD your God, for it is He who gives you power to get wealth, that He may establish His covenant which He swore to your fathers, as it is this day.

The Tabernacle reminds us that God is our true eternal shelter. His protection and provision is a daily need for each one of us. He is the covering over our heads, our protection does not come from man-made structures. Our security comes only from the Lord God Almighty! Therefore, the tabernacle built during the Feast of Sukkot is to remind us of the true Tabernacle and of God's protection and our dependence and reliance upon Him for safety and provision! This is becoming more and more a reality in the days in which we are living. The Feast of Tabernacles is a picture of us moving from faithlessness to faithfulness, from joylessness to being joyful, from weakness to strength, giving us the assurance and confidence we need to succeed in this life!!

The Feast of Tabernacles is a time to reflect on the things that God has done and is doing in our lives. 2 Cor 5:17 This means that anyone who belongs to Christ has become a new person. The old life is gone; a new life has begun! And all of this is a gift from God, who brought us back to himself through Christ. And God has given us this task of reconciling people to Him. For God was in Christ, reconciling the world to Himself, no longer counting people's sins against them. And he gave us this wonderful message of reconciliation. So we are Christ's ambassadors. God is making his appeal through us. We speak for Christ when we plead, "Come back to God!" For God made Christ, who never sinned, to be the offering for our sin, so that we could be made right with God through Christ. (NLT)

The Word of God commands us to be Joyful during this Feast. **Lev 23:40 … "and you shall rejoice before the LORD your God for seven days"**. The Hebrew word hag translated literally means 'to dance or to be joyous" and comes from a root meaning dance in a circle, i.e., to march in a sacred procession, to observe a festival, by implication, to be giddy: celebrate, dance . . . reel to and fro (Strong"s Exhaustive Concordance, #2287).

This is a time of joy it was known as the season of our joy.

The ingathering of the final harvest was seen as a blessing on the Jewish people for their faithfulness to His Word. Faithfulness to God's Word always leads to joy! Christians should be filled with overflowing joy all year round because of the enduring hope we have in Christ Jesus. **1 Thess 5:16 Rejoice always, pray without ceasing, in everything give thanks; for this is the will of God in Christ Jesus for you.**

James 1:2 My brethren, count it all JOY when you fall into various trials, knowing that the testing of your faith produces patience.

1 Pet 1:7 In this you greatly rejoice, though now for a little while, if need be, you have been grieved by various trials, that the genuineness of your faith, being much more precious than gold that perishes, though it is tested by fire, may be found to praise, honor, and glory at the revelation of Jesus Christ, whom having not seen, you love. Though now you do not see Him, yet believing, you rejoice with joy inexpressible and full of glory, receiving the end of your faith—the salvation of your souls.
Ps100:2 Serve the Lord with joy, this is not a suggestion but more a command!

Nehemiah looked at the massive work to rebuild the ruined walls and gates of Jerusalem, there was conflict with the surrounding nations and even some of the Jewish leaders and in the midst of all this he said "For the JOY of the LORD is your strength" (Neh.8:10).
Gal.5:22 But the fruit of the Spirit is love, joy, peace, longsuffering, goodness, faith, meekness, self-control". The Feast of Tabernacles teaches and commands us to exercise Joy inexpressible and full of glory.

The second part of the Feast of Tabernacle's is the ingathering of the final harvest. This is

represented by specially chosen fruits (species) called the Lulav. These four species of plants are waved before the Lord, during the celebration of Tabernacles. The species are as follows: Lulav (palm branch), hadas (myrtle), arava (willow), Etrog (citron). The first three are bound together, with the Etrog being separate.

During the Feast of Tabernacles, the people of the congregation take the Four Species – the lulav held in the right hand , and the etrog in their left hand, with the pitom facing down, and the bundle of the palm branch, myrtle, and willow in the right hand. After reciting the blessing, the etrog is turned over, with the pitom pointed upward, and the bundle of the lulav in the right hand is waved in front of the person, then to the back, to the right side, then to the left, upward and then downward -- the six directions – while they walk around the room, as our forefathers marched around the altar at the Temple, singing praises and shouting Hosannas to God," Save us, Help us, Deliver us, Blessed be Thy Name, Blessed be the Name of the Lord !"

Performing this together, as ONE body, pictures UNITY! When we are united in Truth, then we are strengthened by the Spirit of God which flows through us and out from us.
Ps 133:1 Behold, how good and how pleasant it is for brethren to dwell together in unity! It is like the precious oil upon the head, Running down on the beard, The beard of Aaron, Running down on the edge of his garments. It is like the dew of Hermon, Descending upon the mountains of Zion; For there the Lord commanded the blessing— Life forevermore. What a beautiful description of Unity … For there the Lord commanded the Blessing— Lifeforevermore.

1 Cor 1:10 Now I plead with you, Brethren, by the name of our Lord Jesus Christ, that you all speak the same thing, and that there be no divisions among you, but that you be perfectly joined together in the same mind and in

the same judgment. Sukkot teaches us to show love, which is an outward expression, and which is the character of God Himself.

John 13:35 By this all will know that you are My disciples, if you have LOVE for one another.

A water-drawing ritual began the festivities every morning. A priest would blow the shofar (ram's horn), to announce the start of the festival. The priest would leave from the Water Gate carrying a golden pitcher, followed by a joyous musical procession down to the Pool of Siloam in the old City of David. At the pool, he filled the pitcher with water and said, "Therefore with joy you will draw water from the wells of salvation." (Isa. 12:3).

The priest then returned to the Temple with the golden pitcher of water and with another priest who was carrying the drink offering of wine, they walked up to the temple.

The shofar was blown three times. Together the two priests ascended the ramp to the Great Altar and poured their drink offerings. The mixture of the water and wine at the altar was symbolic of a life filled with joy- Joy of the Lord!

Jesus as He hung on the cross, mutilated by the wounds, committed His Spirit to God! He-breathed His last breath and died! A Roman soldier took his spear and drove it into Jesus' side as he pulled it out Blood and Water flowed from His body. I believe this symbolizes not only the finished work of salvation but that through His redemptive work we can walk in His Joy! Jesus may have been sitting near the Water Gate watching the final water ritual.
He "stood and said, If any man thirst, let him come unto me, and drink" (Jn. 7:37). He was calling the people to come drink of the True Living Water (Jn. 4:10). Even today, He is saying "Come unto me"!

The day after the festival of Tabernacles is called Simchat Torah, Rejoicing in the Law. Throughout the year, a set portion of the Word is read each week. On Simchat Torah that cycle is finished when the last verses of Deuteronomy are read. This is followed by reading the first few verses of Genesis which starts the cycle again. That's why Simchat Torah is a time of JOY, celebrating the **COMPLETION** of the study of Gods Word and looking forward to hearing those words again during the coming year.

During Simchat Torah the Scroll is taken out of the cupboard, kissed and passed around for each person to carry, dance and celebrate God's Word. The dancing and singing is because the Word of God is incredibly moving and worth experiencing and celebrating! What if we, as believers in Jesus, placed such a high value on the Word given to us by God? What if His Words were burned deep into our minds and engraved in our hearts? What if we were to recognize the embodiment of the Word of God, Jesus, in a real way? That is what we should seek!

Ps 119:105 Your word is a lamp to my feet And a light to my path.

Prov 30:5 Every word of God is pure; He is a shield to those who put their trust in Him.

Col. 3:16 Let the word of Christ dwell in you richly in all wisdom, teaching and admonishing one another in psalms and hymns and spiritual songs, singing with grace in your hearts to the Lord. And whatever you do in word or deed, do all in the name of the Lord Jesus, giving thanks to God the Father through Him!

